

**Saterdag 2 April**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14; HK Sondag 9, Antwoord 26**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:11**

### **God se ewige raad**

Onder die raad van God word verstaan die besluit wat God in die ewigheid geneem het oor alles wat in die tyd sou gebeur. 'n Mens sou dit ook kon noem die wêreldplan wat God in sy wysheid en vryheid in die ewigheid ontwerp het waarvolgens Hy alles sou laat plaasvind. Dit sien ons duidelik in Efesiërs 1:11 waar Paulus aan die Efesiërs skryf: *“Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit.”* In hierdie vers stel Paulus dit duidelik dat alles wat gebeur 'n openbaring is hoe God se raadsbesluite, wat Hy in die ewigheid vasgestel het, in die tyd in vervulling gaan. Dit is vir Paulus só 'n sterk saak dat hy in vers 11 drie maal na die raad van God verwys as hy sê dat God dit “vooruit al bestem het”, “Hy het Hom dit voorgeneem” en “volgens sy raadsbesluit”. Hy sê dus aan die Efesiërs dat hoewel hulle heidene was, God in sy ewige raadsplan bepaal het dat hulle deur die geloof in Christus gelowiges en lede van God se volk sou word. Deur hulle bekering kan die gelowige Efesiërs nou self sien hoe God se raadsplan vir hulle in vervulling gegaan het.

'n Belangrike vraag is of die koms van die sonde ook in die raad van God ingesluit is. Nee, die sonde het nie sy oorsprong in die wil van God nie. Nogtans is die sonde nie 'n mag waaroor God geen beheer het nie. Ons sien dit duidelik in wat met Christus gebeur het. Die verwerping en kruisiging van Jesus Christus is die verskriklikste sonde wat ooit deur mense gedoen is. In wat toe gebeur het, is die raad van God egter vervul. Ons sien dit duidelik in Handeling 2:23 waar Petrus van Christus sê: *“God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en doodgemaak..Dit word verder bevestig in Handeling 4:27-28. In hierdie uitsprake in Handeling sien ons duidelik enersyds dat wat met Christus gebeur het, vooraf deur God in sy raadsplan besluit en beskik is, en andersyds dat die mense wat dit gedoen het, ten volle aanspreeklik bly en die skuld vir hulle oortredings moet dra. Ook hier moet ons erken dat ons die plek wat die sonde in die raad van God het, nie kan verstaan nie. Ons moet dit bely en aanvaar soos hierbo aangedui is.*

Aangesien God se uitverkiesing deel van sy ewige raadsplan is, het ons as sy kinders die troos dat niks ons ooit uit sy hand sal ruk nie (Joh. 10:28-29), want God se raad is onveranderlik (Heb. 6:17).